051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# ALLEREERS

## Deel 3 – 'n Nuwe Hart

**1 Samuel 8:7** …Gee toe aan die versoek van die volk in alles wat hulle van jou vra. Hulle het jóú nie verwerp nie; hulle het Mý verwerp as koning oor hulle.

**1 Samuel 10:1** …Die Here het jou tot regeerder oor sy besitting gesalf.

# Lewe in die Koninkryk

## 1. Lewe in die koninkryk begin met 'n nuwe hart

**1 Samuel 10:6** Dan sal die Gees van die Here kragtig in jou werk. Jy sal saam met hulle as profeet optree en 'n ander mens word.

**1 Samuel 10:9(AFR53)** En net toe hy sy skouer draai om van Samuel af weg te gaan, het God sy hart verander…

**Spreuke 4:23** Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.

**Esegiël 36:26** Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee.

**Titus 3:5** Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee.

## 2. Lewe in die koninkryk lei tot verandering

**1 Samuel 10:10-11** Hulle het daar in Gibea gekom, en toe hy weer sien, kom 'n groep profete hom tegemoet. Die Gees van God het kragtig in hom gewerk, en hy het saam met hulle as profeet opgetree. Almal wat hom voorheen geken het en nou gesien het hoe hy saam met die profete as profeet optree, het vir mekaar gevra: "Wat het met Kis se seun gebeur?

**2 Korintiërs 5:17-18** Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God.

## 3. Lewe in die koninkryk lei tot 'n nuwe doel

**1 Samuel 9:16** …Jy moet hom tot regeerder oor my volk Israel salf. Hy sal my volk red uit die mag van die Filistyne, want Ek het op my volk ag geslaan. Ja, hulle hulpgeroep het My bereik.

**Efesiërs 2:10** God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

## 4. Lewe in die koninkryk lei tot 'n nuwe bestemming

**1 Petrus 1:3-6** Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word. En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word. Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings

*Alle verse uit AFR83 behalwe as anders verwys*